# Resensies


- Ferreira, O.J.O. 2002. **Montanha in Zoutpansberg – 'n Portugese handelsending van Inhambane se besoek aan Schoemansdal, 1855-1856.** Pretoria : Protea Boekhuis.
  (*Cecilia Kruger*) ........................................................................ 461
- Pick, Sam. 2002. **MIV/vigs – ons grootste uitdaging nog! Die pad vorentoe vir die kerk in Suid-Afrika.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*B.J. de Klerk*) ........................................................................ 463

# Resensies

# ’n Reisjoernaal: die roete na Montanha

**Ferreira, O.J.O.** 2002. **Montanha in Zoutpansberg – ’n Portugese handelsending van Inhambane se besoek aan Schoemansdal, 1855-1856**. Pretoria : Protea Boekhuis. 232 p. Prys: R180.00.
ISBN 1-919825-95-9.

**Resensent:** *Cecilia Kruger*
(Bestuurder: Vakkundige dienste, Voortrekkermonument)

Binne die Kultuurgeskiedenis en verwante dissiplines het O.J.O. Ferreira die afgelope 20 jaar ’n reuse bydrae gelewer. Hy is die outeur/redakteur van ongeveer twaalf boeke en ’n tagtigtal tydskrifartikels. Sy belangstelling in sy Portugese herkoms en die rol wat die Portugese oor die algemeen in die ontwikkeling van Suider-Afrika gespeel het, is ook alombekend en publikasies wat oor hierdie onderwerp handel, het veral die afgelope tien jaar die lig gesien.

*Montanha in Zoutpansberg* is die nuutste bydrae uit hierdie historikus se uiters vrugbare pen. (C.E.F. van Reiche en D.P.M. Botes is ook medewerkers aan hierdie publikasie.) Die kern van hierdie publikasie is die reisjoernaal wat Pater Joaquim de Santa Rita Montanha gehou het tydens sy staptog vanaf Inhambane in Mosambiek tot by die Soutpansberg en terug in 1855-1856. Dit is egter Ferreira se omvattende inleiding wat veral ’n interessante blik werp op die vroeë geskiedenis van hierdie geografiese streek, wat waarskynlik minder bekend is.

In sy inleiding van ongeveer 80 bladsye, bespreek Ferreira eerstens die natuurlike omgewing, inheemse bevolking, die stigting en vroeë geskiedenis van die dorp Inhambane in Mosambiek. Interkulturele verhoudings en sosio-ekonomiese omstandighede soos handel, godsdiens en die kwessie van slawerny word ook behandel.

In die tweede plek word Zoutpansberg en die roete na die see behandel in min of meer dieselfde volgorde as die afdeling oor Inhambane. Ferreira beskryf bondig, dog volledig, onder andere die volgende: die natuurlike omgewing, wat die ligging, die geografie, klimaat, plante- en dierelewe van die streek insluit, asook die vroeë bewoners wat die

Venda, Lemba, Coenraad de Buys en die eerste Voortrekkergroepe insluit. Die Boere se ideaal om ’n weg na die see te vind het gelei tot die stigting van eers Ohrigstad en later ’n dorp aan die voet van die Zoutpansberg. As gevolg van die moeilike roete na Delagoabaai het die Boere onder leiding van Andries Hendrik Potgieter ’n tweede roete na die Indiese oseaan gesoek. Inhambane was ’n sterk moontlikheid (p. 42-43).

Die ontstaan, sosio-ekonomiese omstandighede wat landbou, jag en handel insluit, asook die uiteindelike ontruiming van die dorp en die stigting van ’n museum aan die voet van die Zoutpansberg wat uiteindelik Schoemansdal genoem is, word in die res van hierdie afdeling bespreek.

Die laaste afdeling in die inleiding word aan Pater Joaquim de Santa Rita Montanha gewy. Montanha is in 1806 in Lissabon gebore. Hoewel min oor sy opleiding en verblyf opgespoor kon word, was hy waarskynlik ’n monnik van die Derde Franciskaanse Orde voordat hy op 30-jarige leeftyd in Mosambiek aangekom het (p. 62-64). Nadat hy hom in 1836 in Inhambane gevestig het, het hy al sy kerklike pligte nagekom, as onderwyser opgetree en het as bestuurder van sy vriend Dos Santos se handelsmaatskappy opgetree. Hy was ook die eienaar van ’n groot aantal slawe en as die grootte van sy huis met die ander huise in die omgewing vergelyk word, kan afgelei word dat hy welvarend was. Daar word uit Montanha se geskrifte afgelei dat sy verhouding met die inboorlinge goed was (p. 68-70).

In die laaste gedeelte van die inleiding word Montanha se reisjoernaal ontleed en aspekte soos die ontstaan daarvan, die teksversorging en die betekenis op verskillende vlakke bespreek. Montanha moes na Schoemansdal gaan om die handelsmoontlikhede met die Boere daar te ondersoek. Die reisjoernaal is op sigself nie besonder interessante leesstof nie en daaglikse gebeure bestaan hoofsaaklik uit opstaan, ’n beskrywing van die weer, die landskap, middagete, ruilhandel met plaaslike inwoners (gewoonlik ’n stukkie materiaal in ruil vir voedsel) en ’n beskrywing van die ligging van die uitspanplek vir die nag. Montanha se reis heen en weer was dus sonder enige opspraakwekkende insidente, maar sy beskrywings is wel van belang aangesien dit een van die min Portugese bronne is wat tot dusver ontgin is en waarin kultuurhistoriese, etnologiese, linguistiese en geografiese gegewens verskaf word (p. 82).

Soos gewoonlik het Ferreira gebruik gemaak van voetnote en ’n uitgebreide bronnelys, wat ’n indrukwekkende aantal bronne uit die Lissabonse argief vir oorsese geskiedenis (Arquivo Historico Ultramarino) insluit.

’n Register met plek- en eiename verhoog die bruikbaarheid en navorsingswaarde van dié publikasie.

Protea Boekhuis kan veral gelukgewens word met hierdie praguitgawe. Benewens die feit dat die boek in hardeband met ’n kleurvolle stofomslag uitgegee is, het die uitgewer gesorg vir ’n interessante bladuitleg met voetnoete aan die buitekante van die bladsye by die inleiding. Die reisjoernaal is telkens op die regterkantste bladsye gedruk met verduidelikende notas op die ooreenstemmende linkerkantste bladsy.

Daar is 33 swart en wit illustrasies in die boek wat wissel van kaarte van die roete van Montanha soos dit op die skutblaaie verskyn, tot foto’s, sketse, sketsplanne en gravures wat op ’n kreatiewe wyse deel van die teks vorm. ’n Uitvoukaart van Montanha se roete kon moontlik die gebruikersvriendelikheid van die publikasie verder verhoog het.

Hierdie publikasie kan aanbeveel word vir liefhebbers van kultuurgeskiedenis en is ’n moet vir almal wat belangstel in die onontginde geskiedenis en romantiek van die suid-ooskus van Afrika en die noordoostelike deel van Suid-Afrika.

# Vigs: Kerke se roeping moet duidelik uitgespel word

**Pick, Sam.** 2002. **MIV/vigs – ons grootste uitdaging nog! Die pad vorentoe vir die kerk in Suid-Afrika**. Wellington : Lux Verbi.BM. 95 p. Prys: R59.95. ISBN 0 7963 133 6.

**Resensent:** *B.J. de Klerk*
(Praktiese Teologie, PU vir CHO)

In haar getuienis pleit ’n Vigs-pasiënt dat die kerk se eerste vraag aan die pasiënt nie moet wees: Hoe het jy die siekte opgedoen nie? Maar eerder: Hoe kan ons help? Wat kan ons doen? En dit is die vrae wat Sam Pick in hierdie boek probeer beantwoord. Daar word baie oor MIV/vigs geskryf en gepraat, maar die kerk se roeping ten opsigte van hierdie siekte word nie duidelik uitgespel nie. Die kerk moet getoetste inligting oor MIV/vigs deurgee, uitsprake maak oor die teologiese aspekte van die siekte, etiese riglyne aan pasiënte, hulle families en alle lidmate aandui en lidmate toerus om pastorale hulp en sorg te verleen

aan diegene wat geraak word deur MIV/vigs. En dit is presies die aspekte wat Pick in *MIV/vigs – ons grootste uitdaging nog!* betrek.

Pick dui aan dat daar sedert 2000 in Suid-Afrika belangrike kongresse oor MIV/vigs gehou is, maar dat die kerk tot ’n groot mate nog nie tot die stryd teen hierdie pandemie toegetree het nie. Daar is enkele kerke wat al ’n geruime tyd betrokke is, veral by die pastorale versorging van die pasiënt. Maar die kerke moet ’n omvattende strategie onderneem om die wanopvattings oor MIV/vigs uit te skakel en om gesindhede van die lidmate teenoor die siekte te verander. Daarom gee Pick vir byna ’n derde van die boek aandag aan die omvang en implikasies van MIV/vigs. Hy beskryf die agtergrond van die ontstaan van die siekte, die maniere waarop die virus oorgedra kan word, beskryf hoërisikogedrag en die omvang van die siekte in Suid-Afrika. Vigs is tans die hoofoorsaak van sterftes in Afrikalande suid van die Sahara en daarom word die probleem van Vigswesies ’n pastorale en diakonale opdrag van die kerk. Die effek wat die siekte op die jeug, gesin, armoede en die ekonomie het, word deeglik ontleed. Hy gee ook baie aandag aan die voorkoming van MIV/vigs.

In sy fokus op ’n teologiese perspektief handel Pick oor aspekte soos sonde, straf, aanvaarding, menslike seksualiteit, lyding en dood. Hy beklemtoon die noodsaak van sondebesef en berou waar teen die wil van God oortree is, asook die bevrydende genade van vergiffenis. In sy etiese perspektief kom aspekte soos diskriminasie, vertroulikheid, die gawe van seks en die gebruik al dan nie van kondome, asook opvoedkundige programme oor vigs aan die orde. Hy dui aan dat daar twee standpunte oor die gebruik van kondome is: die een groep is oortuig dat die beskikbaarstelling van kondome lei tot losbandige seksuele gedrag en dat seks alleen met een huweliksmaat binne die huwelik beoefen mag word. Die ander groep verskil daarvan en is van mening dat kondome nie losbandige seksuele gedrag bevorder nie. Hulle redeneer dat die beskikbaarstelling daarvan net groter beskerming bied omdat mense buitendien seksuele norme oortree.

In sy pastorale perspektiewe konsentreer Pick op die feit dat die kerk ’n genesende gemeenskap is en pleit vir ’n deelnemende benadering deur die kerk. Hy gee advies aan lidmate om pastorale begeleiding aan pasiënte, hulle families en die breër gemeenskap te gee. Aan die einde van die boek word ’n tabel van stappe gegee wat mense moet volg indien hulle blootgestel was aan die virus. Dit is ’n nuttige handleiding vir elke lid van die publiek.

Die boek bevat waardevolle inligting vir predikante en ander geestelike leiers, maar is ook toeganklik vir elke lidmaat van die kerk. Dit is ’n eerste

werk van hierdie omvang in Afrikaans – ’n publikasie wat toegespits is op die verantwoordelikheid van die kerk. Omdat die boek in min bladsye ’n omvangryke terrein wil dek, is die bespreking van veral die teologiese en etiese aspekte nie diepgaande nie en word byvoorbeeld by die etiese baie min aandag aan stigmatisering gegee. Tans is dit, wat kerklidmate betref, die grootste probleem om hulle by MIV-positiewe mense betrokke te kry. Die pastorale perspektiewe gaan effens mank aan die betrek van die hele gemeente in die stryd teen MIV/vigs. Omdat die siekte pandemiese afmetings aanneem, moet elke lidmaat deur sy of haar gebede betrokke wees en daardeur beweeg word om in liefde ’n klein bydrae te maak tot die bekamping van die siekte en die vertroosting van mense wat die virus opgedoen het.

Hierdie boek kan predikante en kerkleiers help om vir elke gemeente ’n strategie op te stel om met dieselfde gesindheid as Christus na hierdie nood te kyk en om die roeping om Christelike liefde te betoon uit te leef.